



Verwysing: 20210302-1307
Lêernommer: 12/2/13/6
Navrae: V. Madasi

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut : 0001/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde:
Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges,
Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare en toepaslike spesiale skole

Onderwerp: Aanlyn stelsel vir graad R- tot 9-werkboeke vir 2021

1. Soos aangedui in Omsendbrief: 0007/2020 van 21 Augustus 2020, is werkboeke vir graad R tot 9 vir die tweede helfte van 2021 by alle skole afgelewer.
2. Om werkboektekorte en -oorskotte vir graad R tot 9 in die tweede helfte van 2021 vroegtydig te identifiseer, moet alle openbare skole tussen 03 en 07 Mei 2021 toegang tot SOBIS verkry. Gedurende hierdie tyd moet skole hul werklike getal werkboeke vir elke graad ontvang teenoor hul leerderinskrywingprojeksie vir Julie 2021 vaslê en afteken.
3. Wanneer toegang tot SOBIS verkry is, moet skole die "Administration"-opsie op die keuselys kies. Kies "Workbooks" op die aftreklys en dan die "Welcome and guidelines-" of "Capture"-skerm.
4. Daar kan met die volgende persone in aanraking gekom word vir bystand met die vaslegging van besonderhede en die aftekenproses daarvan:

Vuyelwa Madasi, tel.no. 021 467 2108 of per e-pos by

Vuyelwa.Madasi@westerncape.gov.za

Kashiefa Sdien, tel.no. 021 467 2553 of per e-pos by

Kashiefa.Sdien@westerncape.gov.za

5. Sodra al die skool se werkboekbesonderhede vir die spesifieke fases vasgelê is, moet die aftekenproses voltooi word.
6. Die inligting oor werkboektekorte en -oorskotte wat ingewin is, sal via EduInfoSearch toeganklik gemaak word vir die toepaslike distriksamptenare wat, waar daar tekorte en oorskotte is, verantwoordelik sal wees vir die behartiging van die verspreiding en afhaal van werkboeke.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2021-04-08